



NGB

Artikel 3

DIE GESKREWE WOORD VAN GOD

Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet. 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskryfte die heilige en Goddelike Skrif.

In Artikel 2 is gestel dat God se besondere Openbaring deur middel van die Woord van God geskied. Hierdie Woord van God moet nou verder genuanseerd bekendgestel word. Die Bybel as die geskrewe Woord van God staan vir die Reformasie in die kern van die saak - Sola Scriptura. Die Skrif alleen is die bron van die Openbaring. Pouslike dekrete, tradisie en selfs die besluite van die konsilies is aan die gesag van die Bybel onderworpe.

Vir die Protestant was dit belangrik om dit duidelik te stel dat die kerklike tradisie en ander geskryfte soos pouslike dekrete nie van Openbaring-gehalte is nie. Hulle het dit gedoen teenoor die Roomse kerk wat veral die kerklike tradisie gebruik het in die skeeftrek van die teologie en pouslike dekrete gebruik het om hierdie kettery

af te dwing. Vandag is daar nie net die Roomse kerk teenoor wie daar getuig moet word nie. Daar is kerkgroeperinge wat baie erns maak met drome. Ander wat spesiale nuwe openbarings soek in charismatiese ekstase. Die Christelike boekwinkels se rakke is vol boeke wat vertel van visioene, naby-doodse ervarings en ander soortgelyke menslike "openbaringsbronne".

DIE GESKREWE WOORD VAN GOD

Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie,

Die Goddelike oorsprong van die Bybel word beklemtoon. Die Openbaring is deur God gewil. Menslike wil was nie deel van die Openbaring deur God nie. Selfs die briewe geskryf deur Paulus is deur God gestuur, deur middel van Paulus. Dit beteken nie dat mense nie betrokke was by die proses nie.

maar die heilige mense van God het dit,

Daar was 'n spesiale groep mense. Hulle was God se heilige mense. Hierdie "heilig" moet nie verstaan word in terme van menslike prestasie nie. Heilig verwys na diegene wat aan God toegewy is, wat vir God afgesonder is, meer nog, deur God afgesonder is vir hierdie taak..

deur die Heilige Gees gedrywe,

Dit is nie net mense wat deur God afgesonder is nie. Hulle optrede is deur God aangevuur. Hulle is nie geroep en toe maar net gelaat om self aan te

gaan nie. God se Heilige Gees het hulle gedrywe, met ander woorde gemotiveer en krag gegee om hulle roeping te volvoer.

gespreek,

Hier is een van twee moontlikhede om te oorweeg. Aan die een kant kan net die woorde, en dan selfs net die profetiese spreke, in ag geneem word. Aan die ander kant moet die moontlikheid oorweeg word om die optrede van God se heilige mense as teks (spreke) te verstaan. Die tweede moontlikheid moet nader aan die waarheid wees; indien ons die Bybel self in ag neem. Daar was soveel simboliese handeling in die Bybel. God het soms Sy profete opdrag gegee om simbolies op te tree – van trou met 'n prostituut tot die dra van 'n fisiese juk. God se spreke is met ander woorde te lees in die teks van menslike handeling en woorde.

soos die heilige Petrus sê (2 Pet. 1:21 “want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.”).

Nie eens die skrywers van die Bybel het enige twyfel oor die oorsprong van die Openbaring nie. Openbaring kan poëties beskryf word as: “God se gedagtes in mense se woorde”.

Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons

God se betrokkenheid by die mens, en in die besonder God se Openbaring aan die mens, was nie eenmalig nie. God het oor 'n tydperk, by wyse van

besondere sorg, bemoeienis met mense gemaak.

en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel,

God se Openbaring het ons saligheid ten doel. Hierdie feit word by herhaling gestel, ook hier waar daar besin word oor die Bybel se ontstaan.

Die inspirasie van die Heilige Gees was nie net betrokke by die eerste gebeure nie, God se Gees is betrokke by die neerpen van die Openbaring wat ontvang is.

Dit beteken dat ons by eksegetiese rekening daarmee hou dat God se Gees betrokke is by die volle spektrum van Openbaring.

en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe.

Die Dekaloog (Deka – Tien + Logos - woord) van die Bybel word verstaan as besondere Openbaring in die sin dat geen mens hierdie woorde neergepen het nie. Hierdie is *verbatim* aanhaling van dit wat God self geskryf het en vir Moses gegee het.

Daarom noem ons sulke geskryfte die heilige en Goddelike Skrif.

Die gevolgtrekking is 'n beklemtoning van die benadering wat die Bybel as die ware Openbaring van God verstaan.